# HOOFSTUK V.

## DIE GRONDWET VAN DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK, 1858.[1)]

### 1. Grondwette van die Z.A.R. en O.V.S.

Die Grondwet van die Z.A.R., soos dit finaal deur die Volksraad goedgekeur is,[2)] was die tweede volledige republikeinse grondwet wat op Suid-Afrikaanse bodem tot stand gekom het. Sy voorganger was die Konstitusie van die Republiek van die Oranje-Vrystaat van 1854.[3)] Met betrekking tot die twee Grondwette wat albei vir Boere-state en vir mense van dieselfde vlees en bloed opgestel is, bestaan daar, eienaardig genoeg, heelwat verskille en ooreenkomste. Wat die totstandkoming daarvan betref, moet in die eerste plek die aandag op die feit gevestig word dat die Vrystaatse Konstitusie veel makliker tot stand gekom het as die Grondwet van die Z.A.R., en dat dit nie deur 'n intense konstitusionele stryd, soos in die Oorvaalse gebied plaasgevind het, voorafgegaan is nie. Een van die redes daarvoor kan wees dat die bewoners van die Oranjerivier-soewereiniteit vanweë 'n gereelde regering deur Brittanje vanaf 1848 tot 1854, 'n meer gevestigde samelewingsgroep as hulle Oorvaalse broeders was en dat daar by hulle geen geleentheid bestaan het vir eie eksperimente in regeringsake nie. Buitendien het hulle uit wat in die Oorvaalse gebied plaasgevind het, genoeg geleer om in 1854, toe hulle hulle vryheid en onafhanklikheid gekry het, nie toe te laat dat dieselfde stryd in hulle geledere ontbrand nie. Daarby was op die tydstip, toe die O.V.S. 'n Konstitusie moes kry, bekwame persone, onder wie die naam van die Hollander, J.Groenendaal, genoem moet word, in die gebied aanwesig om aan die Boere die nodige

---

1) Gepubliseer in Locale Wetten der Z.A.R.,1849-1885, bll. 35-68; Eybers: Select Constitutional Documents illustrating South African History, 1795-1910, bll.362-410; Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, no.3, bylaag 2/1858, bll.496-525.

2) Staats Courant, 26 Feb. 1858: Volksraadsnotule, Rustenburg, art.19, 18 Feb. 1858. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bl.166).

3) Gepubliseer in Suid-Afrikaanse Argiefstukke, O.V.S., no.1, bylaag 78/1854, bll. 194-201; Scholtz: Die Konstitusie en Staatsinstellinge van die Oranje-Vrystaat 1854-1902, bylaag 1, bll. 186-192; Eybers: a.w., bll.286-296.

leiding te verskaf.

Die Konstitusie van die Republiek van die O.V.S. verskil in 'n baie belangrike opsig van die Grondwet van die Z.A.R., naamlik dat terwyl albei feitlik in hul geheel deur buitelanders (Hollanders) opgestel is, dit op heeltemal ander modelle gebaseer is. Terwyl die Vrystaatse Konstitusie hoofsaaklik op die van die V.S.A. gegrond is,[4] en dit baie waarskynlik is dat die Konstitusie van die Tweede Franse Republiek van 1848 ook 'n groot rol by die opstel van dié van die O.V.S. gespeel het,[5] het die opstellers van die Grondwet van die Z.A.R. ten spyte van die bewering dat Stuart by die opstel daarvan 'n Franse kopie van die Amerikaanse Grondwet as enigste leidraad gehad het,[6] hoofsaaklik hulle kennis uit die Grondwet van die Bataafse Republiek van 1798 geput.[7] Tog was nie een van die twee Boere-grondwette 'n slaafse navolging van die buitelandse nie maar was dit 'n deeglike aanpassing van die bepalings daarvan aan eie omstandighede,[8] terwyl ook eie opvattinge ingesluit[9] en eie ervaring en tradisie 'n groot rol gespeel het.[10]

Dit is opmerklik dat die Z.A.R. baie min uit die Vrystaatse Konstitusie geput het, veral as in aanmerking geneem word dat die bewoners van dié Republiek op politieke gebied feitlik in 'n doolhof rondgetas het, terwyl net aan die anderkant van die Vaalrivier 'n heel doeltreffende konstitusie in swang was, ruim vier jaar voor die Z.A.R. uiteindelik met 'n eie grondwet kon spog. Die navolging van verskillende buitelandse stelsels het tot resultaat gehad die totstandkoming van twee heeltemal

---

4) Scholtz: a.w., bll.21-27.

5) Kyk die bespreking van Scholtz se werk deur I.D.Bosman in Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, Sept. 1937, en P.A.Grobbelaar: Die Ontstaan en Ontwikkeling van die Oranje-Vrystaat tot aan die einde tot aan die einde van president J.N.Boshof se regering in 1859. (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch), hoofstuk 9.

6) Een Hollander (K.J.de Kok): Toen en Thans, bl.128.

7) Wypkema: De Invloed van Nederland op Ontstaan en Ontwikkeling van de Staatsinstellingen der Z.A.Republiek tot 1881, Afd. C, hoofstuk 2.

8) Vgl. Van der Walt: Die Ontwikkeling van Boere-bestuursinstellinge. (Geskiedenis van S.A. II, bl.90).

9) Vgl. ibid., bll.82-83.

10) Vgl. Scholtz: a.w., bll.17-21; Wypkema: a.w., bl.510.

verskillende grondwette, hoewel die hoofbeginsels daarvan dieselfde was, naamlik republikeins: Die O.V.S. s'n was 'n kort, saaklik gestelde en duidelike grondwet van twee-en-sestig artikels; dié van die Z.A.R., 'n omvattende en lywige stuk van tweehonderd-twee-en-dertig artikels. Tog het die twee Grondwette heelwat ooreenkomste getoon, veral ook ten opsigte van die presidentsamp,[11] en het albei Grondwette, van tyd tot tyd na gelang van omstandighede aangevul en/of gewysig, die grondslag van die staatsreëling van die twee Republieke tot met hulle ondergang in 1902 gebly.

Dit is nie hier die plek om die twee Grondwette uitvoerig met mekaar te vergelyk nie; ook nie om 'n volledige uiteensetting van die bepalings daarvan neer te skrywe nie, maar met die oog op wat verder sal volg, is dit nodig om aan die Grondwet van die Z.A.R. kortliks aandag te skenk.

2. <u>Totstandkoming van Grondwet van Z.A.R.</u>

Die Grondwet van 1858 is voorafgegaan deur die goedkeuring by verskillende geleenthede van drie konsep-grondwette, wat almal, met enkele uitsonderinge dieselfde bepalings bevat het. Die eerste konsep is opgestel deur Jacobus Stuart en die komitee wat tydens die Pienaarsrivierse Volksraadsitting benoem en met die taak belas is.[12] Hierdie komitee wat op die eerste Maandag van Oktober te Potchefstroom vergader het,[13] het na enkele weke 'n konsep-grondwet gereed gehad, 'n lywige dokument wat uit niks minder as 327 artikels met 'n bylaag tot artikel 31 van sewe artikels, bestaan het nie.[14]

Ongelukkig is die gegewens aangaande die werksaamhede van die Grondwet-kommissie baie skraal en is dít wat nog vir ons opgeteken is, nie so maklik aanneembaar nie. K.J.de Kok wat as sekretaris van die kommissie

---

[11] In die volgende hoofstukke van hierdie werk, waarin die amp van die staatspresident in die Z.A.R ontleed word, sal telkens op verskille en ooreenkomste gewys word.

[12] Kyk hierbo, bll. 204 e.v.

[13] Wypkema vergis hom as hy beweer dat die Grondwet-kommissie te Pienaarsrivier vergader het. (<u>Die Aandeel van ds. van der Hoff in die Transvaalse staatsontwikkeling. - Almanak van die Ned.Herv.Kerk van Afrika</u>, 1942, bl.94).

[14] R.930/55: Konsep-grondwet van die Z.A.R., d.d. Potchefstroom, 1 Nov.1855. (<u>S.A.Argiefstukke</u>, Tvl., no. 3, bylaag 54/1855, bll. 380-442).

opgetree het, is die enigste persoon wat so effens lig laat deurskemer as hy verklaar dat Stuart al die artikels opgestel en dit ter goedkeuring aan die ander kommissielede voorgelê het, terwyl hy by die opstel van die Konsep-grondwet as enigste leidraad 'n Franse vertaling van die Amerikaanse Grondwet in sy besit gehad het.[15)]

Hoewel Stuart die leeue-aandeel in verband met die opstel van die Konsep-grondwet verrig het,[16)] is dit waarskynlik dat ds. van der Hoff van agter die skerms ook sy deel bygedra het tot die totstandkoming daarvan.[17)] Tog moet die eer vir die opstel daarvan, en derhalwe ook vir die totstandkoming van 'n uitvoerende gesag en 'n staatshoof aan Stuart gegee word.[18)]

Die mededeling van De Kok dat Stuart van die Konstitusie van die V.S.A. as enigste leidraad gebruik gemaak het, kan nie aanvaar word nie want uit 'n vergelyking van die Konsep-grondwet met die Amerikaanse Konstitusie blyk dit baie duidelik dat daar heel weinig ooreenkoms tussen die twee bestaan.[19)] Inteendeel vertoon hierdie Konsep-grondwet van die Z.A.R. groot ooreenkoms met die Bataafse Grondwet van 1798.[20)]

Hoewel mettertyd kleinere wysiginge in die Konsep-grondwet aangebring is, is die Stuart-ontwerp uiteindelik in 1858 as die Grondwet van die Z.A.R. aanvaar en het dit in hoofsaak tot 1902 bly geld.

---

15) Een Hollander: a.w., bl.128; vgl. ook R.973/56 en R.975/56: Stuart aan Jacobz, d.d. 25 Jan.1856.

16) Vgl. Wypkema: De Invloed van Nederland op Ontstaan en Ontwikkeling van de Staatsinstellingen der Z.A.R. tot 1881 , bll.321-322.

17) Kyk Wypkema: ibid., bll.322-324; Wypkema: Die Aandeel van ds. van der Hoff in die Transvaalse Staatsontwikkeling (voetnoot 13 van hierdie hoofstuk); Van der Walt: Die Ontwikkeling van Boere-bestuursinstellinge. (Geskiedenis van S.A. II, bll.89-90). Wypkema begaan egter 'n fout as hy in genoemde artikel in die Kerkalmanak (bl.94) beweer dat die Konsep-grondwet in ds. van der Hoff se handskrif geskryf is, want Stuart het dit self geskryf.

18) Vgl. Pelzer: a.w., bll.158-1591

19) Vgl. ook Van der Walt: Die Ontwikkeling van Boerebestuursinstellinge. (Geskiedenis van S.A. II, bl.89); Wypkema: De Invloed van Nederland op Ontstaan en Ontwikkeling van de Staatsinstellingen der Z.A.R. tot 1881, bl.321. Pelzer (a.w., bl.158) noem slegs die feit i.v.m. die Amerikaanse Konstitusie en lewer geen verdere kommentaar nie.

20) Wypkema: ibid., bll. 332-346.

Die invloed van die Bataafse Konstitusie blyk al dadelik uit die eerste afdeling van die Grondwet van die Z.A.R., waarin in negentien artikels ŉ aantal algemene beginsels neergelê word, waarin veral die oppergesag van die volk beklemtoon word.[21] Die tweede afdeling van die Grondwet, bevattende nege artikels oor die verhouding tussen kerk en staat en die beskerming en verdediging van die twee instellinge, is heel oorspronklike bepalings wat in geen ander republikeinse grondwet van dié tyd voorkom nie. Die artikels wat met die kerk in verband staan, is ŉ duidelike uitvloeisel van die kerklike stryd wat voor 1855 plaasgevind het, en Wypkema meen om ook daarin die besondere invloed van ds. van der Hoff te herken.[22]

Wat veral van die konsep-grondwette en die Grondwet van 1858 kenmerkend is, is die afsonderlike voorsiening wat vir die drie staatsmagte gemaak is. Dit was natuurlik niks nuuts nie omdat teen dié tyd die beginsel van die skeiding van regeringsmagte in feitlik alle grondwette van Wes-Europa opgeneem was. Tog skyn dit of die Bataafse konstitusie ook in dié opsig sy invloed laat geld het, en wel daarin dat dit telkens die volk is wat die wetgewende mag aan die Volksraad, die uitvoerende gesag aan die Uitvoerende Raad en die regterlike gesag aan die landdroste en gezworenen opdra.[23]

## 3. Die Wetgewende Gesag.

Deur die Grondwet van 1858 word die wetgewende gesag in die hande van die Volksraad gestel en word die Volksraad as die hoogste gesag in die land verklaar.[24] Hierdie bepaling, sowel as die samestelling van die wetgewende liggaam, was niks nuuts in die konstitusionele geskiedenis van die Boere nie. Die Volksraad wat aldus tot stand gekom het, was feitlik presies dieselfde as die Natalse en Transvaalse Volksrade, behalwe dat dit nou hoofsaaklik ŉ wetgewende liggaam geword en van sy uitvoerende en regterlike funksies afstand gedoen het. Die Volksraad moes uit minstens twaalf lede tussen die ouderdomme van dertig en sestig jaar

---

21) Ibid., bll.332-334.

22) Ibid., bll.323-324.

23) Ibid., bll.334-335; kyk ook Grondwet (Z.A.R.), 1858, artt. 12, 13 en 15.

24) Grondwet (Z.A.R.), 1858, artt. 12 en 29.

bestaan. Om tot lid gekies te kon word, moes 'n persoon minstens drie jaar stemgeregtig wees, lidmaat wees van die Nederduits Hervormde Kerk, binne die grense van die Republiek woon en in die Republiek vaste eiendom besit. Hy mog geen onterende vonnis teen hom gehad het nie; Volksraadslede mog nie familie van mekaar wees nie en slegs persone van suiwere blanke afkoms kon gekies word. Enigeen wat kon bewys dat 'n gekose lid nie aan hierdie vereistes voldoen nie, kon sy beswaar aan die president van die Uitvoerende Raad voorlê vóór so 'n lid ingesweer word, en as die president van die gegrondheid van die klagte oortuig was, moes hy voor die aanvang van die Volksraadsvergadering dit aan die voorsitter van laasgenoemde liggaam oorhandig en op die verwydering van sodanige lid aandring.

Volksraadslede, waarvan die helfte jaarliks moes aftree,[25] sou vir 'n tydperk van twee jaar in 'n vrye verkiesing gekies word deur alle burgers bo die ouderdom van 21 jaar, wat lidmate van die Nederduits Hervormde Kerk was, terwyl dit aan elke stemgeregtigde burger sou vrystaan om aan die voorsitter van die Volksraad enige beskuldiging teen die president en lede van die Uitvoerende Raad ten opsigte van ampsoortredinge of ampsmisdade in te handig. Elke Volksraadslid sou 'n voorgeskrewe eed moes aflê voor die in die vergadering teenwoordige Volksraadslede. By geleentheid van elke sitting, wat jaarliks sou plaasvind, kies die Volksraadslede uit hulle midde 'n voorsitter vir die duur van die sitting sowel as vir die duur van die sittingsjaar. Oor alle sake sou beslis word met 'n driekwart-meerderheid van stemme en geen voorgestelde wette sou in behandeling geneem word voor dit nie eers vir 'n tydperk van drie maande vóór die sitting ter kennisname van die volk gebring is nie, behalwe waar omstandighede die onmiddellike behandeling van so 'n wetsvoorstel vereis. Die volk het dan die reg gehad om hulle gevoelens oor sodanige voorgestelde wette by wyse van memories aan die Volksraad bekend te maak. Alle besluite van die Volksraad sou wetskrag hê, maar eers nadat dit vir drie maande aan die

---

[25] Blykbaar ook onder Bataafse invloed. (Wypkema: _De Invloed van Nederland op Ontstaan en Ontwikkeling van de Staatsinstellingen der Z.A.R. tot 1881_, bll. 336-337.

goedkeuring van die volk onderworpe was. Afskrifte van aangenome wette moes ter uitvoering aan die President van die Uitvoerende Raad gestuur word.

Die President en lede van die Uitvoerende Raad sou deur die Volksraad beëdig word terwyl onder sekere omstandighede die President van die Uitvoerende Raad deur die Volksraad uit sy pos onthef kon word. Daarby het die Volksraad die reg gehad om sekere strafbepalings op sy eie lede toe te pas wanneer hulle sekere oortredinge ten opsigte van die Volksraad begaan.

4. Die Uitvoerende Gesag.

Wat die uitvoerende gesag betref, het daar sedert die Stuart-kommissie se Ontwerp-grondwet tot die finale aanvaarding van die Grondwet in 1858, etlike veranderinge, veral ten opsigte van die benaming van die ampte van die uitvoerende amptenare, plaasgevind. Volgens die Stuart-ontwerp is die uitvoerende gesag opgedra aan 'n staatspresident,[26] vise-staatspresident,[27] twee rade en 'n staatssekretaris.[28] Hierdie vyf persone sou dan 'n staatsraad uitmaak.[29] Die vise-staatspresident sou, net soos die staatspresident, deur die volk gekies word,[30] met die verskil dat die staatspresident sy amp vir die tydperk van drie jaar sou beklee,[31] terwyl die vise-staatspresident vir 'n tydperk van vyf jaar gekies sou word.[32] Dit is opmerklik dat die ampstermyn van die staatspresident op drie jaar bepaal is. Hier is definitief afgewyk van die Bataafse sowel as van al die ander republikeinse grondwette van dié tyd.[33] In die Konsep-grondwet van Januarie 1857 is geen melding van 'n

---

26) R.930/55: Konsep-grondwet van die Z.A.R., d.d. 1 Nov. 1855, art.13. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bl.382).

27) Ibid., art.61. (Ibid., bl.386).

28) Ibid., art.63. (Ibid., bl.387).

29) Ibid., artt.13 en 63. (Ibid., bll. 382 en 387 onderskeidelik).

30) Ibid., artt. 34 en 61. (Ibid.,bll.383 en 386 onderskeidelik).

31) Ibid., art.34. (Ibid., bl.383).

32) Ibid., art.61. (Ibid., bl. 386).

33) Die ampstermyn van die verskillende republikeinse staatshoofde was naamlik: O.V.S., 5 jaar; Switzerland, 1 jaar; Amerika, 4 jaar; Frankryk (1848), 4 jaar; "President9Raadspensionaris" (Bataafse Republiek), 5 jaar.

ampstermyn gemaak nie,[34] terwyl in die Grondwet van 1858 die ampstermyn op vyf jaar bepaal is.[35]

Die benaming staatsraad getuig van Bataafse invloed maar in die volgende ontwerpe en in die finale grondwet is die benaming weggelaat ten gunste van dié van uitvoerende raad.[36]

Die vise-presidentskap waarvoor die Stuart-ontwerp voorsiening gemaak het, het nie lank staande gebly nie. Tydens die volksvergadering van November 1855, waar die Stuart-konsep voorlopig met enkele wysiginge aanvaar is, is ook die vise-presidentskap goedgekeur en is 'n vise-president in die persoon van W.F. Joubert aangewys.[37] Op die Kommissieraadsitting te Pretoria vanaf 27 tot 30 Mei 1856, waarop die grondwetsvoorstelle van kommandante-generaal Pretorius en

---

34) Kyk R.1268/57: Konsep-grondwet van die Z.A.R., d.d. 5 Jan.1857, art.32. In die kopie van hierdie Konsep wat in die Staats Courant, 16 Okt. 1857, gepubliseer is, is die gedeelte van art.36 waarin die ampstermyn bepaal is, naamlik drie jaar, by 'n hersiening van die Konsep deurgehaal. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bl. 442, voetnoot 62).

35) Grondwet (Z.A.R.), 1858, art.61. Wypkema sien in die bepaling van die ampstermyn van die president op vyf jaar ook tipiese Bataafse invloed. (De Invloed van Nederland op Ontstaan en Ontwikkeling van de Staatsinstellingen der Z.A.R. tot 1881, bl.345). Die feite i.v.m. die Stuart- en 1857-konsep, soos hierbo uiteengesit, word egter nie deur hom genoem nie. Die enigste bewysgrond vir Wypkema se bewering is die feit dat die ampstermyn van die Bataafse staatshoof 5 jaar was. (Kyk o.a. voetnoot 33 van hierdie hoofstuk). Dit is egter eienaardig dat in Stuart se ontwerp nie al vir vyf jaar voorsiening gemaak is nie, maar dat dit gedoen is nadat Stuart al die Republiek verlaat het. In die algehele afwesigheid van gegewens in verband met die aanvanklike vasstelling van die ampstermyn van die staatspresident op 3 jaar, is dit moontlik dat sodanige vasstelling onder invloed van die ander lede van die Grondwet-kommissie kon geskied het en dat die motief wat daaragter geskuil het niks anders was as om te belet dat een persoon nie vir te lank aaneen met so 'n hoë gesag beklee sou word nie. Die verandering van die tydperk van 3 tot 5 jaar in 1858 kan moontlik aan Bataafse invloed toegeskryf word, maar dit is 'n groter waarskynlikheid dat dit na aanleiding van die soortgelyke bepaling in die Vrystaatse Konstitusie kon geskied het. Wypkema noem die vyfjarige ampstermyn van die Vrystaatse staatspresident nêrens nie.

36) Wypkema: ibid., bl.326. Waarskynlik is hierdie wysiging ook gedoen onder invloed van die Vrystaatse Konstitusie, waarin van 'n uitvoerende raad gespreek word.

37) Kyk hierbo, bl. 207.

Schoeman bespreek is,[38] is egter besluit om nie vir 'n vise-presidentsamp voorsiening te maak nie en om hierdie amptenaar se plek op die Uitvoerende Raad te laat inneem deur die landdros van die Regeringsetel.[39] Hierdie besluit is heel waarskynlik onder invloed van die Vrystaatse Konstitusie geneem.[40] In die Konsep-grondwet van 1857 en die finale Grondwet van 1858 is egter nie weer 'n plek aan genoemde landdros op die Uitvoerende Raad gegee nie.

Dit is ook opmerklik dat die Pretoriase Kommissieraad van Mei 1856 die benaming staatspresident, wat in die Stuart-konsep voorgekom het, laat vaar het ten gunste van die benaming Staats Generaal, wat die hoogste amptenaar in die staat sou wees.[41] Wat die aanleiding tot hierdie naamsverandering was, is nie duidelik nie, maar dat dit geen byval gevind het nie, blyk uit die Konsep-grondwet wat in Desember 1856 deur die Komitee van Volksverteenwoordigers behandel is, waarin die benaming weer vervang is deur president van die uitvoerende raad.[42] So is dit ook in die finale Grondwet van 1858 gehandhaaf.[43]

Soos die uitvoerende gesag uiteindelik in die Grondwet van 1858 vasgelê is, het dit bestaan uit die President van die Uitvoerende Raad, bygestaan deur die Kommandant-generaal, twee Uitvoerende Raadslede en 'n sekretaris.[44] Om as president verkiesbaar te wees, moes 'n persoon vyf jaar lank 'n stemgeregtigde burger van die Republiek wees, geen onterende vonnis teen hom gehad het nie, dertig jaar oud en 'n lidmaat van die Nederduits

---

38) Kyk hierbo, bll.212 e.v.

39) Kommissieraadsnotule, Pretoria, art.11(3), 27-30 Mei 1856. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bl.136). Pelzer (a.w., bl.60) noem hierdie besluit 'n besluit van die Volksraad, wat dit beslis nie was nie.

40) Art. 40 van die Vrystaatse Konstitusie (1854) bepaal dat die Uitvoerende Raad sou bestaan uit die Landdros van die hoofstad, die Goewernementssekretaris en drie onoffisiële lede. (Scholtz: a.w., bylaag 1, bl. 190)

41) Kommissieraadsnotule, Pretoria, art. 11, 27-30 Mei 1856. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bl.136).

42) Konsep-grondwet, 1857, art.11. (Ibid., bl.440).

43) Grondwet (Z.A.R.), 1858, art.13. (Ibid., bl.498 en Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bl.36).

44) Ibid., art.58. (S.A.Argiefstukke, ibid., bl.506; Locale Wetten, ibid., bl.46).

Hervormde Kerk wees. Die President was die hoogste of eerste amptenaar van die staat en alle ander amptenare, met uitsondering van regterlike amptenare, sou aan hom ondergeskik wees. Aan die President van die Uitvoerende Raad is dan ook die aanstelling en ontslag van amptenare toevertrou, maar altyd onderhewig aan die goedkeuring van die Volksraad. Solank hy die presidentsamp beklee, mog die President van die Uitvoerende Raad geen ander amp, ook nie in die kerk, beklee nie, en kon hy ook nie sonder die toestemming van die Volksraad buite die grense van die land gaan nie. Aangesien in die Grondwet van 1858 nie vir 'n vise-staatspresident voorsiening gemaak is nie, is bepaal dat die oudste lid van die Uitvoerende Raad as plaasvervanger van die President sou optree. Aan die President van die Uitvoerende Raad is verder die indiening, toeligting en verdediging van alle wetsvoorstelle opgedra, uit welke bron sodanige voorstelle ook al afkomstig mog wees. Nadat hy van die aanname van 'n wet deur die Volksraad kennis gekry het, moes hy vir die publikasie en uitvoering van so 'n wet sorg. Krygswet kon alleen deur die President en Uitvoerende Raad afgekondig word. Jaarliks moes die President 'n begroting van die inkomste en uitgawes van die staat aan die Volksraad voorlê. Dit was ook sy taak om die Volksraad tot gewone sowel as buitengewone sittinge byeen te roep en om jaarliks 'n reis deur die land te onderneem om 'n wakende oog oor die landskantore en die gedrag van die amptenare te hou, en om terselfdertyd aan die volk die geleentheid te gee om hulle belange en behoeftes aan hom voor te dra. Briefwisseling met die buiteland moes deur die President en sekretaris van die Uitvoerende Raad gevoer word. Saam met die Uitvoerende Raad het die President die reg gehad om onder bepaalde voorwaardes vermindering of kwytskelding van deur die hof opgelegde strawwe te verleen. As voorsitter van die Uitvoerende Raad sou die President by 'n staking van stemme 'n beslissende stem hê. Die lede van die Uitvoerende Raad sou vir 'n tydperk van drie jaar deur die Volksraad gekies word; die sekretaris van die Uitvoerende Raad, wat ook deur die Volksraad aangewys sou word, sou vier jaar in sy pos dien, terwyl die Kommandant-generaal vir 'n onbepaalde tydperk sy amp sou vervul. President, Uitvoerende Raadslede en Kommandant-generaal moes hulle onderskeie ampsede voor die Volksraad aflê terwyl die

sekretaris dit voor die Uitvoerende Raad moes doen.[45)]

5. Die Krygsmag.

In 'n volgende afdeling het die Grondwet van 1858 ook vir die krygsmag en krygsraad afsonderlike voorsiening gemaak. Die krygsmag van die Republiek sou bestaan uit alle weerbare manne tussen die ouderdomme van sestien en sestig jaar, en alle gekleurde manspersone binne die grense van die land, wie se opperhoofde aan die Regering van die Republiek onderhorigheid verskuldig was. Vir krygsdoeleindes sou die land in veldkornetskappe en distrikte verdeel word en die bevel, in dalende rangorde, sou gevoer word deur die Kommandant-generaal, kommandante, veldkornette en assistent-veldkornette. Al hierdie offisiere sou in hulle onderskeie gebiede van optrede met meerderheid van stemme verkies word deur die stemgeregtigde burgers. Die taak van die krygsoffisiere en krygsmag sou wees: handhawing van orde (as polisiemag), die onderdrukking van binnelandse opstande en onluste, die verdediging van die land en oorlogvoering. Al die offisiere, met uitsondering van die Kommandant-generaal, moes hulle ampsede voor die President en Uitvoerende Raad aflê. Veldkornette moes gereeld aan die landdroste en kommandante verslag doen; kommandante aan die Kommandant-generaal en die Kommandant-generaal aan die President van die Uitvoerende Raad. Die Kommandant-generaal kon in tyd van oorlog of as 'n kommando in die veld was, 'n krygsraad byeenroep, en by afwesigheid van die Kommandant-generaal sou die offisier met die hoogste rang as voorsitter optree. Verder is ook vir die vrystelling van krygsdiens onder bepaalde omstandighede voorsiening gemaak, asook vir bydraes wat deur sekere persone in verband met krygsdiens gelewer moes word. Kommandante en veldkornette moes ook die landdroste behulpsaam wees. Die verdeling van buit na afloop van 'n kommando of oorlog sou onder toesig van die President van die Uitvoerende Raad geskied.

6. Die Regterlike Gesag.

Aangaande die regterlike gesag het die Grondwet van 1858 voorsiening gemaak vir 'n Hof van Landdros, vier tot ses Heemrade en jurielede in elke distrik van die

---

45) Oor die verskillende aspekte van die presidentsamp word in die volgende hoofstukke in besonderhede gehandel.

Republiek. 'n Hooggeregshof, wat ook as Rondgaande en Appélhof sou optree, sou gevorm word deur drie landdroste. Kandidate vir die landdrosskap sou deur die Regering aan die publiek voorgestel word en die publiek moes dan binne twee maande te kenne gee of hulle die benoeming van sodanige persone goed- of afkeur, terwyl heemraadvakatures deur die Hof van Landdros en Heemrade gevul sou word, met behoorlike kennisgewing daarvan aan die Uitvoerende Raad. Verder volg ook uitgebreide bepalings in verband met regsprosedure en die magte, pligte en bevoegdhede van die regterlike amptenare.

'n Aantal artikels bepaal ook die pligte van die verskillende landsamptenare terwyl ook aparte voorsiening vir die geldmiddele van die staat gemaak en die salarisse van die onderskeie amptenare bepaal word.

7. Eindelik 'n Staatshoof! Faktore wat vir die vertraging van die totstandkoming daarvan verantwoordelik ~~was~~.

Byna een-en-twintig jaar nadat Retief op die Vrystaatse vlaktes as eerste staatshoof van die voorttrekkende gemeenskap uitgeroep is, en sodoende 'n amp ingestel is wat in elke beskaafde gemeenskap 'n noodsaaklikheid is, en daardie pos weer binne agt maande van die toneel verdwyn het sonder dat daar een of ander definitiewe besluit omtrent die afskaffing daarvan geneem is, is op 16 Februarie 1858 konstitusioneel vir 'n permanente uitvoerende mag voorsiening gemaak, en is daardie mag opgedra aan die President van die Uitvoerende Raad. Hierdie amp sou later in die Z.A.R. dié word van Staatspresident en sou bly voortbestaan tot met die ondergang van die Republiek in 1902.

Vanaf 1836, toe die Trekkers die Kaapkolonie as 'n selfstandige gemeenskap verlaat het, het die geskiedenis en ontwikkeling van 'n Boere-staatshoofskap 'n langsame slingergang gegaan. Die Trekkers het hullself van 'n gevestigde bevolkingsgroep en van 'n gevestigde koloniale regering losgemaak en hoewel hulle in afsonderlike Trekgeselskappe georganiseerd was, het hulle die grens van die Kaapkolonie as 'n aparte onafhanklike samelewingsgroep -

"als een vrye en onafhankelyk volk"[46) -

---

46) Vgl. brief van Retief en Maritz aan die Goewerneur van die Kaapkolonie, d.d. 21 Julie 1837. (Kyk bl. 46.

oorgetrek. As 'n vry en onafhanklike volk was, onder meer, een van hulle grootste probleme dié van 'n eie bestuursinrigting met 'n eie staatshoof. Dit was 'n opdraande weg wat deur 'n jong ongeskoolde en in regeringsake onervare volk betree is; 'n weg met baie hindernisse, sommige waarvan die Trekkers vir hullself opgewerp het. Al hierdie hindernisse moes oorkom word voor daar van 'n Boere-staatshoofskap sprake kon wees, en selfs toe so 'n staatshoofskap in 1858 tot stand gekom het, was daar nog moeilikhede wat opgelos moes word voor die staatsmasjienerie sy werking glad kon verrig.

Die geskiedenis van die staatshoofskap het hom onder andere in die vorm van 'n stryd geopenbaar; 'n stryd tussen verskillende belangegroepe, aangevuur deur een of meer persone wat deur hulle optrede, bewus of onbewus, hetsy die heil van die volk as geheel beoog het, of eie belang gesoek het; 'n stryd tussen voormanne onderling; 'n stryd van 'n groot gedeelte van die Trekkergemeenskap teen die idee van 'n staatshoof, terwyl die eis om laasgenoemde deur omstandighede en natuurlike ontwikkeling altyd dringender geword het. Dit was 'n stryd teen iets wat moes bestaan, maar waarvan die hoe en waarom nie altyd duidelik besef is nie.

Vir hierdie een-en-twintigjarige vertraging van die totstandkoming van 'n sentrale regering en van die daarstelling van 'n permanente staatshoof, was verskillende faktore verantwoordelik. Sonder om in besonderhede te tree, kan hierdie faktore kortliks as volg genoem word.

(a). <u>Die Organisasie van die Trek self.</u>

Die organisasie van die Trek het beslis remmend gewerk op die spoedige vorming van 'n sentrale regering met 'n permanente staatshoof. Die Trekkers het die Kaapkolonie periodiek in aparte grotere of kleinere geselskappe verlaat, elkeen onder 'n eie leier.[47] Tussen hierdie leiers het daar tydens die Trek verskeie moeilikhede ontstaan met betrekking tot trekrigtings, leierskap op kommando's, die kwessie van staatshoofskap of politieke leierskap, optrede ten opsigte van die buiteland, be-

---

[47] Kyk bll. 1-4 van hierdie werk.

stuursinrigting, e.d.m.[48] Die resultaat van die botsings en onenigheid was, soos terdeë deur die Trekgeskiedenis bewys word, 'n ernstige vertraging van die totstandkoming van 'n gevestigde regeringsvorm, waarin die drie regeringsmagte tot ontplooiing kon kom ooreenkomstig definitief afgebakende funksies en bevoegdhede.

(b) Die Trek het blykbaar baie langer geduur as wat verwag.....

Die Trekkers het blykbaar nie verwag dat dit so lank sou duur voor hulle hulle doel sou bereik nie. Die Groot Trek het naamlik eers ten einde geloop met die onafhanklikheidserkenning van die Oorvaalse en Transoranjese gebiede, onderskeidelik deur die Konvensies van Sandrivier en Bloemfontein in 1852 en 1854. Min of meer het die Trek dus van sestien tot agttien jaar geduur. Die skeiding van trekweë in die binneland, die verskillende gesigspunte van leiers met betrekking tot buitelandse beleid en die kwessie van 'n uitweg na die see, die gedurige rondtrekkery van groepe om verskillende redes, waaronder die geografiese omstandighede nie uit die oog verloor moet word nie, terwyl ander groepe ook vanweë geografiese en ander faktore op bepaalde plekke bly woon het,[49] die gedurige eis wat aan die Trekkers gestel is om hulle enige tyd gereed te hou om lewe en eiendom teen binnelandse sowel as buitelandse naturellestamme te verdedig, het gedurende die hele tydperk wat die Groot Trek geduur het, en selfs ook daarná gedurende die wordingsjare van veral die Z.A.R., geëis dat die Trekorganisasie in meerdere of mindere mate gehandhaaf word. Die groot afstande en die totale afwesigheid van vinnige en doeltreffende kommunikasiemiddele het ook veel bygedra tot die handhawing van verskillende leierskappe oor bepaalde groepe. Dit het nie alleen die Trek vertraag nie, maar het ook in die weg van 'n spoedige inrigting van 'n sentrale bestuur vir die hele Trekkergemeenskap gestaan.

---

48) Vgl. o.a die botsings tudden Potgieter en Gert Maritz, Gert Maritz en Retief, Piet Uys en Retief en Maritz, Stephanus Maritz en Andries Pretorius, Burger en Potgieter, Potgieter en A.Pretorius, Bührmann en Potgieter, Bührmann en Pretorius, Schoeman en M.W. Pretorius, ens.

49) Vgl. bv. Van Jaarsveld: a.w., bl.20. Van Jaarsveld benadruk tereg die invloed wat deur geografiese faktore op die totstandkoming van 'n gevestigde samelewing uitgeoefen is (t.a.p., bll.17-20).

(c) Die Trekkers was eenvoudige en ongeletterde mense.

Die moeilike probleem van staatsinrigting moes aangedurf word deur 'n groep eenvoudige en ongeletterde boere.[50] Tog mag dit nie vergeet word nie dat hierdie mense, ten spyte van min skoolgeleerdheid, met 'n goeie en gesonde verstand begiftig was, soos terdeë deur hulle optrede in die praktyk bewys is, maar daar was onder hulle

> "letterlik niemand met 'n maar enigsins doelmatige historiese of regskennis nie; want regsgeleerdes, selfs predikante, het die lewensvatbaarheid van die beweging nie begryp nie en hulle daarom gewag om aan te sluit by 'n oënskynlik so moeisame en onsekere onderneming."[51]

Vanselfsprekend sou die taak van bestuursinrigting dié word van hulle aan wie die leiding van die Trek toevertrou was, maar

> "ook die leiers ... was produkte van hulle tyd en omgewing - persoonlik onontwikkelde, en geen akademiese mense nie; mense wat handiger was met die geweer as met 'n pen - en hulle wyse van optrede sou dikwels veel te wense oorlaat."[52]

Hierdie leiers se kennis het egter nie ver bo dié van die gemiddelde persoon uitgestyg nie en daarby het hulle idees in baie opsigte hemelsbreed van mekaar verskil. Een van die leiers wat die beste toegerus was, was blykbaar Gert Maritz, wat nie alleen 'n redelike hoeveelheid ervaring in die Kaapkolonie opgedoen het nie, maar wat ook oor 'n vir die tyd redelike goeie boekery veral ten opsigte van die regspleging beskik het, en dit met hom saamgeneem het.[53] Hierdie kennis van hom was egter slegs vir 'n kort tydjie vir die Trekkers van enige waarde want hy is in die bloei van sy lewe op 23 September 1838 aan die oewer van die Klein-Tugela oorlede; dus lank voor die Groot Trek afgeloop was. Aan die ander kant het Maritz se kennis en idees, vanweë sy optrede teen Retief, 'n ernstige struikelblok in die weg van die ontwikkeling van 'n eie Boere-staatshoofskap gelê,[54] die invloed waarvan nog baie lank terdeë gevoel is. Ook

---

50) Vgl. Van der Walt: Die Ontwikkeling van Boere-bestuursinstellinge. (Geskiedenis van S.A. II, bl.70); Pelzer: a.w., bl.6.

51) Van der Walt: ibid., bl.71.

52) Van Jaarsveld: a.w., bll. 18 en 40.

53) Kyk Thom: a.w., hoofstuk IX.

54) Kyk bll. 41-45 en 49-51 van hierdie werk.

Retief was 'n ongeskoolde man maar met heelwat ervaring wat hy as kommandant en as besigheidsman in die Kaapkolonie opgedoen het.[55] Die tydjie wat hy aan die hoof van die Natal-toe-trekkende Trekkers gestaan het, het hy vir hulle sowel as vir die staatsinrigting baie beteken, maar hy het hierdie posisie slegs tien maande beklee toe hy die slagoffer van Dingaan se verraad geword het. Sy dood het dan ook die einde van die Trekkerstaatshoofskap beteken.

Van Andries Pretorius verklaar sy biograaf dat hy op sy geboorteplek, Graaff-Reinet, die skool besoek het, alwaar hy geleer het om te lees, te skryf en te reken,

> "wat 'n honderd jaar gelede aan die grense die opvoeding was van iedereen."

Daaraan word dan nog toegevoeg:

> "Daar bestaan talryke eiehandige briewe van hom, en dáaruit blyk dat, ofskoon hy dit in dié opsig nie juis so ver gebring het as Retief, wat eers op latere leeftyd na die grens toe getrek het, hy tog heeltemal bevoeg was om sy gedagtes op papier te stel."[56]

Vir hierdie onderwys-tekortkoming is egter in die geval van Pretorius

> "ruimskoots vergoed deur 'n 'natuurlik gesonde verstand,' skerpsinnigheid van oordeel en 'n heldere denkvermoë," [57]

'n bewering wat beslis deur die optrede en handelswyse van Pretorius gestaaf word. In die Kaapkolonie het hy ook die agting van sy landgenote weggedra en was hy in die grensoorloë aanvoerder van etlike kommando's.[58]

Van Hendrik Potgieter se opleiding en aanvanklike bekwaamhede word deur sy biograwe niks verhaal nie.

Dit was hierdie ontoereikend opgeleide persone, Potgieter, Pretorius, en ná hulle, M.W.Pretorius, wat bestem was om die hooffigure te word in die Trekkerpogings tot staatsvorming en die daarstelling van 'n uitvoerende gesag en staatshoof.

(d) <u>Die Trekkers het oor geen regeringservaring beskik nie.</u>

Aangesien die Koloniste tot die tyd wat hulle di-

---

[55] Kyk Franken: <u>Piet Retief se lewe in die Kolonie</u>.

[56] Preller: <u>Andries Pretorius</u>, bl.19.

[57] Ibid.

[58] Ibid., bl.20.

Kaapkolonie verlaat het, nog geen mede-seggenskap in die regering van die land gehad het nie,[59] spreek dit vanself dat hulle geen ervaring in bestuursaangeleenthede gehad het nie, maar alleen gewoon was om geregeer te word. Enkele persone het miskien op een of ander tydstip in een of ander hoedanigheid op 'n plaaslike bestuur gedien, maar van 'n aktiewe deelname aan die regering van die land deur 'n koloniste-liggaam was daar geen sprake nie. Die bestuur van die Kaapkolonie, waaronder hulle sedert die bewind van die N.O.I.K. gestaan het en waarin die Bataafse en Engelse bewind geen wesentlike verandering gebring het nie, naamlik dié van 'n kroonkolonie,[60] met goewerneurs aan die hoof, aan wie uitgebreide outokratiese magte toegeken was vanweë die groot afstand tussen die Kaapkolonie en die onderskeie moederlande en die stadige kommunikasiemiddele, was baie goed aan die Trekkers bekend, maar dit sou nooit as model vir hulle eie staatsinrigting kon dien nie, en die ervaring en kennis waaroor hulle in dié verband beskik het, het veel eerder gedien om hulle teen 'n soortgelyke stelsel te laat waak. Van die navolging van 'n buitelandse stelsel met die oog op die inrigting van 'n vaste grondwet was daar ook geen sprake nie, behalwe in die geval van P.Uys en andere wat dit as hulle begeerte bekend gemaak het dat die Trekkerstaat ingerig moes word op dieselfde vryheidsgrondslae as dié van die V.S.A.[61] Eers toe die Trekkergemeenskap permanent gevestig was, is buitelandse grondwette by die vasstelling van 'n eie grondwet in ag geneem. Tog het die Trekkers tydens die Trek in verskeie opsigte van hulle kennis van koloniale instellinge, veral Hollandse en Bataafse, gebruik gemaak.[62]

(e) <u>Die ervaring en kennis wat die Trekkers in die Kaapkolonie opgedoen het, het hulle oordrewe demokraties gesind gemaak.</u>

Die Trekkers was deeglik bekend met die outokratiese optrede van die goewerneurs van die Kaapkolonie

---

59) Sodanige medeseggenskap het die Kaapse koloniste eers in 1854 met die toekenning van verteenwoordigende regering aan die Kaapkolonie verkry.

60) Kroonkolonie in die geval van die Engelse bewind.

61) Bekendmaking van P.Uys e.a., d.d. Caledonrivier, 14 Aug. 1837. (Chase: <u>The Natal Papers I</u>, bl.103).

62) Kyk volgende paragraaf.

onder die Engelse stelsel terwyl die oueres onder hulle ook nog aan die Kompanjiestelsel kon terugdink. Daarby was daar ook onder die Trekkers manne wat bekend was met die beginsels wat die Patriotte-beweging aan die einde van die vorige eeu ten grondslag gelê het.[63] Dit was op grond van hierdie beginsels wat die Voortrekkers met die ideë van die algemene welsyn van die volk, oppergesag van die volk, die volkstem as koningstem, ens., die binneland ingetrek het, ideë wat nie alleen tydens die Trek en gedurende die wordingsjare van die Republieke 'n rol gespeel het nie, maar wat tydens die bestaan van albei Boere-republieke steeds 'n groot rol bly speel het. Aan die een kant vervul met 'n ewige bitterheid teen die outokratiese optrede van die Britse goewerneurs, en met Slagtersnek nog vars in die geheue, spreek dit vanself dat die Trekkers so 'n afkeer van despotiese regering gehad het, dat hulle in hulle verdere optrede deur oordrewe demokratiese neiginge gekenmerk word.[64] Aan die ander kant, vervul met die patriottiese vryheidsdenkbeelde, is hierdie neiginge, toe hulle eenmaal die Oranjerivier oorgetrek het, en hulle eie regering moes waarneem, aansienlik versterk sodat dit tot 'n ultra-demokratiese optrede gelei het. Dit blyk veral baie duidelik uit die optrede van Gert Maritz en die Volksraad in Natal en veral uit die optrede van die Transvaalse Volksraadsparty voor 1858.[65] Die resultaat van hierdie neiginge was dikwels 'n verset teen enige vorm van gesag vanweë 'n oordrewe vryheidsgevoel en 'n verwarring van die begrip gesag met dié van outokrasie en despotisme. So het sommige persone byvoorbeeld, toe 'n meer gevestigde samelewing in die Oorvaalse gebied tot stand gekom het, geweier om aan die owerheid belasting te betaal, somtyds wel uit ekonomiese oorweginge, maar ook op grond daarvan dat hulle self die beskermers en die bewakers van die land was; dat hulle die grond waarop hulle gewoon het, met hulle eie goed en bloed verdien het;[66] ander het hulle

---

63) I.v.m. die Patriotte-beweging, kyk die meesterlike studie van C.Beyers: Die Kaapse Patriotte 1779-1791, Kaapstad en Johannesburg, s.j., en ook Ibid: Binnelandse Beroering en Ondergang van die Kompanjie, (1779-1795). (Geskiedenis van Suid-Afrika I).

64) Kyk ook Van Jaarsveld: a.w., bl.44.

65) Vgl. ook Krüger: a.w., bll.96-100.

66) Kyk Pelzer: a.w., bl.55.

verset teen die aanstelling van amptenare wat vir die behoorlike inrigting van 'n openbare diens en landsadministrasie noodsaaklik was;[67] somtyds is selfs so ver gegaan om die gesag van die staat openlik te ontken.[68] Toe daar gedurende die jare vyftig 'n aanvang gemaak is met die daarstelling van 'n presidentsamp, het dit 'n hewige reaksie, veral vanuit Zoutpansberg uitgelok.[69] Hierdie houding van die Trekkers het vanselfsprekend die staatsinrigting en veral die skepping van 'n uitvoerende gesag geweldig gestrem, en selfs toe 'n presidentsamp eenmaal blywend in werking gestel was, sou dit die taak van hierdie hoogwaardigheidsbekleër in meer as een opsig bemoeilik.

Tog het die ervaring wat die Trekkers van die Hollandse en veral die Bataafse regeringsinstellinge gehad het, hulle baie handig te pas gekom toe hulle self voor die taak van regeringsinrigting en regshandhawing te staan gekom het.[70]

(f) Die Trekkers was 'n groep selfstandige individualiste.

Oor die algemeen beskou was die Trekkers 'n groep onafhanklike en selfstandige individue. Die onafhanklikheid, selfstandigheid en individualisme was karakter-eienskappe wat geleidelik ontwikkel het uit die omstandighede waaronder die veeboer-pionier in die 18de eeu ontwikkel en geleef het,[71] sowel as uit die algemene toestande op die Oosgrens van die Kaapkolonie. Hierdie karakter-eienskappe het 'n uiters waardevolle rol in die Afrikaanse volkswording gespeel, hoewel dit nie van nadele ontbloot was nie. Heel tereg merk Pelzer dan ook

---

67) Ibid., bl.54.

68) Ibid., bll.58-62.

69) R.1294/57. (Kyk bll. 219 e.v. van hierdie werk).

70) Kyk Wypkema: De Invloed van Nederland op Ontstaan en Ontwikkeling van de Staatsinstellingen der Z.A.R. tot 1881; Ibid., Die Invloed van Nederland en Nederlands-Indië op Ontstaan en Ontwikkeling van die Regswese in Suid-Afrika tot 1881, Amsterdam, 1934.

71) Vgl. A.J.H.van der Walt: Die Ausdehnung der Kolonie am Kap der Guten Hoffnung (1700-1779), Berlyn, 1928; P.J. van der Merwe: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie (1657-1842), Kaapstad, 1938; A.J. Boeseken: Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de Eeuse Samelewing aan die Kaap. (Argief-jaarboek vir S.A.Geskiedenis, 7de jaargang, 1944); Van der Walt: Die Eeu van die Veeboer-pionier. (Geskiedenis van Suid-Afrika I).

op:

> "In dieselfde proses is karaktertrekker ontwikkel wat eerder die neiging tot groepsvorming as tot eenwording ingehou het. 'n Oordrewe gevoel van gelykheid en gelykwaardigheid moes die mense, in hulle onderlinge verkeer, noodwendig die een teenoor die ander stel. Botsende opvattings en ideale het daaruit voortgespruit, waardeur die staatsvorming nog verder bemoeilik is."[72]

Dat hierdie individualisme ook veel te doen gehad het met die vertraging ten opsigte van die totstandkoming van 'n staatshoofskap, blyk maar alte duidelik uit 'n studie van die Groot Trek.

(g) Die Britse agtervolgingsbeleid.[73]

Afgesien van ander faktore was die Britse agtervolgingsbeleid ook tot 'n groot mate verantwoordelik vir die vertraging wat gekom het in die staatsvorming en die totstandkoming van 'n sterk uitvoerende gesag en staatshoof. Deur die Cape of Good Hope Punishment Act, 'n Imperiale wet van 1836, is bepaal dat alle Britse onderdane ten suide van die 26ste graad suiderbreedte, d.w.s. met inbegrip van die Trekkers wat die Kaapkolonie verlaat het, aan die Kaapse wette en regspraak onderhewig sou wees. Hoewel die groep Trekkers wat hulle aanvanklik in Natal gaan vestig het, hulle blykbaar nie veel aan hierdie wet gesteur het nie, het dit vir Potgieter en sy volgelinge as 'n aansporing gedien om die afstand tussen hulle en die Engelse regering in die Kaapkolonie so groot as moontlik te maak, en selfs in die jare vyftig was die suiderbreedte-kwessie nog altyd 'n struikelblok in die weg van staatsvorming. Die aanwesigheid van Engelse handelaars in Natal en die vrees dat die Engelse Natal nie lank aan die Trekkers sou gun nie, was o.a. een van die redes waarom hy hom nie met die Trek na Natal kon vereenselwig nie. Sy vrees was nie ongegrond nie want in 1843 is Natal geannekseer. Bevrees dat dieselfde lot die Potchefstroom-Winburg-gebied vroeër of later kon tref, het hy in 1845, onder andere

---

72) Pelzer: t.a.p., bl.7. Vgl. ook Wichmann: Die Wordingsgeskiedenis van die S.A.R., bl.2; Gey van Pittius: a.w., bl.11.

73) Vir besonderhede oor die houding van die Britse gesagvoerders teenoor die Trek, en faktore en invloede wat daardie houding bepaal het, kyk C.F.J.Muller: Die Britse Owerheid en die Groot Trek, Kaapstad en Johannesburg, (1948).

om hierdie rede, na Noord-Oos-Transvaal verhuis in 'n poging om ten noorde van die 26ste suiderbreedte-graad te gaan woon, en ook om in die nabyheid van die Portugese hawe te kom. Dan sou hulle heeltemal buite die Britse invloedsfeer val. In 1848 is ook Trans-oranje sonder enige waarskuwing as Britse gebied geannekseer. Die anneksasie van Natal en in mindere mate dié van Trans-oranje, het telkens nuwe trekke laat ontstaan omdat groepe persone liewer weggetrek en hulle elders gaan vestig het as om hulle aan die Britse gesag te onderwerp. Sodoende het die Britse agtervolgingsbeleid die Trekkers in 'n gedurige groepsgewys rondtrekkende toestand gehou. Nuwe leiers het op die toneel verskyn, o.a. J.J.Burger, leier van die groep Natalse Trekkers wat hulle ook in Transvaal gaan vestig en saam met Potgieter na Noord-Oos-Transvaal getrek het. Hierdie desentralisasie van die Trekkers in die binneland en die verdere groepsvorminge wat daaruit ontstaan het, was een van die faktore wat uiters belemmerend ingewerk het op die totstandkoming van eenheid onder die Trekkers, en eenheid was noodsaaklik vir die daarstelling van 'n regeringsvorm en staatshoof.[74)]

Die probleem van staatsvorming en die totstandkoming van 'n republikeinse staatshoofskap, waarmee die Trekkers te doen gehad het en wat eenvoudig opgelos moes word, was dus geen maklike taak nie. Met taaie volharding is aan die werk gespring; stryd en bitterheid wat verskeie kere selfs byna tot burgeroorlog gelei het, kon die totstandkoming van 'n eie grondwet en die doeltreffende inrigting van 'n bestuur wel vertraag, maar dit nie stuit nie. Eindelik kon die twee Boere-republieke hulle verheug in 'n eie staatshoof - 'n president - wie se magte en bevoegdhede so duidelik moontlik in die onderskeie Grondwette afgebaken is, maar tog nog nie duidelik genoeg om misverstand in die toekoms te vermy nie. Telkens sou situasies voorkom in verband met verskil van opinie omtrent sekere funksies van die president en sou die wetgewende gesag telkens ophelderingsbesluite daaromtrent

---

[74)] Kyk in hierdie verband Van Jaarsveld: a,w,m bll.34-40.

moes neem. Met die ontwikkeling van die Z.A.R. sou ook telkens aan die funksies en bevoegdhede van die president aandag gegee moes word. Wat die funksies, magte en bevoegdhede van die president was, en welke veranderinge gedurende die volgende vier-en-veertig jaar ten opsigte daarvan plaasgevind het, word in die volgende hoofstukke uiteengesit.